

---

## Bepalings, voorwaardes en riglyne vir skrywers

- \* Slegs skryfwerk wat nog nie voorheen in druk of digitaal, of op enige sosialemediumplatform verskyn het nie, kan aan VivA-Uitgewers voorgelê word. Deur die werk aan VivA-Uitgewers voor te lê, verklaar die skrywer dat dit nie elders verskyn het nie. Die skrywer onderneem ook om dit nie terselfdertyd aan iemand anders voor te lê met die oog op publikasie nie.
- \* VivA-Uitgewers sal so gou moontlik ontvangs erken. Daarna sal die skrywer op die hoogte gehou word van die verloop van die proses.
- \* Alle tekste word gekeur voordat dit vir publikasie oorweeg word. As geen terugvoer ontvang word ná ontvangserkenning nie, kan aanvaar word dat die teks nie geskik is vir publikasie nie.
- \* Kreatiwiteit en oorspronklikheid sal die deurslag gee.
- \* VivA-Uitgewers stuur nie verslae oor die teks wat voorgelê is of aanbevelings oor hoe om die teks te verbeter nie.
- \* Aanvaarde tekste sal deur VivA-Uitgewers se personeel versorg en publikasiegereed gemaak word. Indien noemenswaardige veranderings voorgestel word, sal VivA met die skrywer daaroor kommunikeer.
- \* Indien die skryfwerk moontlikhede toon, maar nog afronding vereis, sal die skrywer verwys word na 'n manuskripontwikkelaar.
- \* Alle tekste wat aan VivA voorgelê word, moet na die beste van die skrywer se vermoë versorg wees. VivA behou hul die reg voor om onversorgde werk waarin talle growwe taal- en/of storiefoute voorkom aan die skrywer terug te stuur voordat dit aanvaar en in die program geplaas word.
- \* Die uitgewer behou hom die reg voor om te besluit of die tema aanvaarbaar is.
- \* Indien die werk aanvaar word, beteken dit nie noodwendig dat VivA-Uitgewers of die personeel van VivA saamstem met die temas of inhoud van die teks nie.
- \* Tantieme word bepaal soos kontraktueel met die uitgewer ooreengekom.
- \* VivA-Uitgewers sal na die beste van hul vermoë poog om plagiaat en die onwettige verspreiding van manuskripte voorkom.